# DIE *Lam* IS *Waardig*

OPENBARING 5:1-14

1 In die regterhand van Hom wat op die
troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan
die voor- en aan die agterkant vol
geskrywe was en wat met sewe seëls
goed verseël was. 2 Toe het ek 'n sterk
engel gesien wat met 'n harde stem
uitroep: “Wie is waardig om die boek oop
te maak deur die seëls daarvan te breek?”

*Openbaring 5:1-11*

[3]Maar niemand in die hemel of op die
aarde of onder die aarde was in staat om
die boek oop te maak en daarin te kyk
nie. [4]Ek het baie gehuil omdat daar
niemand gekry is wat waardig was om
die boek oop te maak en daarin te kyk
nie.

*Openbaring 5:1-11*

5Toe sê een van die ouderlinge vir my:
“Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam
van Juda, die Afstammeling van Dawid,
het die oorwinning behaal en kan die
boek met die sewe seëls oopmaak.”

*Openbaring 5:1-11*

6Toe het ek voor die troon wat omring
was deur die vier lewende wesens, tussen
die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien
staan, die Een wat geslag was. Hy het
sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe
oë is die sewe Geeste van God, wat oor
die hele aarde uitgestuur is.

*Openbaring 5:1-11*

7 Hy het toe gegaan en die boek ontvang
uit die regterhand van Hom wat op die
troon sit. 8 Net toe die Lam die boek neem,
het die vier lewende wesens en die vier en
twintig ouderlinge voor Hom gekniel.
Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n
goue bak vol wierook, die gebede van die
gelowiges.

9 Toe sing hulle 'n nuwe lied:
"U is waardig om die boek te neem en die
seëls daarvan oop te maak omdat U
geslag is en met u bloed mense vir God
losgekoop het uit elke stam en taal en
volk en nasie. 10 U het hulle 'n koninkryk en
priesters vir ons God gemaak en hulle sal
oor die aarde regeer."

*Openbaring 5:1-11*

[11]Toe het ek rondom die troon en die
lewende wesens en die ouderlinge 'n groot
menigte engele gesien. Daar was duisende
der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek
het hulle hard hoor [12]uitroep:
“Die Lam wat geslag was, is waardig om
die mag en rykdom, die wysheid en sterkte,
die eer, heerlikheid en lof te ontvang.”

*Openbaring 5:1-11*

13Die hele skepping, alles in die hemel en op
die aarde en onder die aarde en op die see,
ja, alles wat daar is, het ek hoor sê:
“Aan Hom wat op die troon sit, en aan die
Lam, behoort die lof en die eer, die
heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.”
14Die vier lewende wesens het gesê:
“Amen!” En die ouderlinge het gekniel en
God aanbid.

*Openbaring 5:1-11*


DIE
Lam
IS
Waardig
OPENBARING 5:1-14